

**Saterdag 14 Mei**

**Skrifgedeelte: Sagaria 6:1-15**

**Fokusgedeelte: Sagaria 6:8**

**Die Gees se werk kan nie gekeer word nie**

In Sagaria vind ons die agtste gesig: die vier strydwaens wys terug na die eerste gesig, naamlik die perde. Simboliese oorlogstaal word gebruik om te wys dat die Here sy volk se vyande sal verslaan, sy volk sal bewaar en herstel, wat in die besonder gesien word in die herstel en bou van die tempel in Jerusalem, verse 1-8.

Hierdie oorwinning en vrede is die onweerstaanbare werk van die Heilige Gees, soos dit daar staan in vers 8, dit is die Gees van God wat rus bring vir die volk van sy vyande van die noorde, soos dit ook gebeur het en die Here sy volk bewaar het midde die aanslae van die volk se vyande.

En dan word daar duidelik verwys in verse 9-15 na die herstel van 'n komende tempel, deur "n Man wie se Naam is, Spruit" is (vs 12). Dit is 'n baie duidelike, eksplisiete Messiaanse profesie van die koms van Christus, wat die tempel volkome kom herstel, deur Christus se koms, lewe, kruisiging, opstanding en hemelvaart, God met ons vir ewig en altyd (sien die hele Hebreërboek). Dit is Hy wat die tempel van die HERE bou en Hy sal majesteit verkry en vir ewig heers op sy troon, iets wat glad nie van enige menslike koning gesê kon word nie.

Dit is 'n groot troos ook vir die Here se kerk vandag, die Gees van die HERE se werk kan nie gekeer word nie, Hy sal ons ook bewaar teen alle vyande van ons dae, sodat sy kerkvergaderende werk sal plaasvind tot die laaste dag, niks kan dit keer nie, omdat die Gees van die HERE van die leërskare dit doen en sal doen tot die laaste dag, in die woorde van Filippense 1:6, die werk wat die Vader in en deur sy Seun vir ons gedoen het, sal die Heilige Gees volbring tot op die laaste dag, prys sy Naam!

*Sing: Psalm 111-1:4, 5*

*Ds. S le Cornu (Slabbert) (Carletonville)*